

# Loofhuttefees

# 7 WEKE FEESTE

13 Maart 2022  
Sondag 09:30

## Die Loofhuttefees (Sukkot)

### Agtergrond tot die Sukkot



- Die Fees van die Tabernakels (“tente”) of “Sukkot” is een van die drie groot pelgrimsfeeste van Israel (saam met die Pasgafees en die Pinksterfees) en alle Joodse mans was veronderstel om voor die Here in die tempel in Jerusalem te verskyn.
- Die Fees van die Tabernakels is primêr gerig op die herdenking van die 40 jaar wat die Israëliete in die woestyn deurgebring het en waar hulle dus in tydelike skuilings moes woon, altyd gereed om weer verder te trek. Dit herdenk dus die bevryding uit slawerny en hoe die Here hulle versorg het en gelei het.
- Dit was ook ‘n fees na die oes en dus die voltooi van die landboujaar. Daarom word dit

ook soms die Fees van die Insameling genoem, en is dit ‘n soort Dankfees.

- Dit is ‘n weeklange fees wat vyf dae na die Groot Versoendag begin het. Vanjaar val die Sukkot in die week van 9-16 Oktober.
- Interessante gebruike word vandag met die fees geassosieer. Die skuiling wat gebou word het drie mure met ‘n houtraamwerk. Die dak is palmtakke wat los gerangskik word sodat daar oop spasies is. Mens moet die sterre kan sien en reën moet kan inkom – alles herinneringe aan die tyd in die woestyn. Dit is ook gebruiklik om die skuilings te versier met blomme, blare en vrugte. Vandag word die vereiste om in die skuilings te “woon” nie altyd so streng nagekom nie. Party Jode slaap steeds in die skuilings, maar die meeste sorg net dat hulle eenmaal per dag daar eet.

### Jesus en die Fees van die Tabernakels

- Gedurende die Fees van die Tabernakels het twee belangrike seremonies plaasgevind. Die mense het fakkels rondgedra en kandelare teen die mure van die tempel aangesteek om te demonstreer dat die Messias ‘n lig vir die heidennasies sal wees. Tweedens het die priester water gaan haal by die Siloambad en dit gedra na ‘n bak in die tempel met die gebed dat die Here hemelse water (reën) sal

gee vir die land. Daar was ook verwysing na die Gees van God wat oor almal uitgestort sal word (na aanleiding van Joel 2:28).

- Op die laaste groot dag van die Fees leer Jesus die mense by die Tempel (Joh 7) en roep dan uit: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” En net daarna, terwyl die fakkels en kandelare brand: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”

### God is aan die Beweeg

- Ons leer ken God in die Bybel, al van die Ou Testament af, as die God wat beweeg. Die wolkkolom en die vuurkolom trek altyd voor die volk uit. Die tent van ontmoeting met die ark van die verbond daarin bly nie lank op een plek in die woestyn nie. In ‘n sekere sin wil die Sukkot die Israeliete daaraan herinner dat God nie ingeperk kan word nie. Toe die Israeliete uiteindelik in Kanaän vestig en Salomo die tempel bou, het die gevaar bestaan dat God nou “makgemaak” is. Hy woon mos nou in die tempel en daar kan ons Hom gaan besoek. As en wanneer ons wil... God word nie getem nie. Ons beeld van God kan baie maklik staties raak. Wanneer God ons nie meer verras nie, het ons Hom ingeperk in ons prentjies van Hom.
- *“Images of the Holy easily become holy images – sacrosanct. My idea of God is not a divine idea. It has to be shattered time after*

*time. He shatters it Himself. He is the great iconoclast. Could we not almost say that this shattering is one of the marks of His presence? The Incarnation is the supreme example; it leaves all previous ideas of the Messiah in ruins. And most are ‘offended’ by the iconoclasm; and blessed are those who are not. But the same thing happens in our private prayers.” CS Lewis*

### Die Kerk op Weg

- Ons perk nie net vir God in in ons prentjies van Hom nie. Ons perk ook onself in deur “ons tentpenne te diep in te slaan”. Terwyl daar niks fout is met stabiliteit nie, is daar altyd die gevaar van rigiditeit, selfvoldaanheid en verbeeldingloosheid.
- Die hutte moes die Israeliete herinner dat hulle afhanklik van God leef en maklik aan die beweeg moet kan kom. *“n Gelowige moet fyn luister na die voetstappe van God soos dit weerklink in die gebeure om jou, en dan moet jy opspring en die soom van sy kleed aangryp.”* (Von Bismarck, aangepas)
- Die Loofhuttefees herinner ons om nie te “verouder” en te stagneer in ons prentjies van God, of ons idees oor wat kan en wat nie kan in en deur my lewe nie. Dit herinner ons aan die ritme van die pendulum wat swaai van rus na aksie en weer terug, van konsolideer na ontwrig en weer terug, van dieper gaan waar jy is na uitbrei na waar jy nog nie is nie en weer terug. Die Loofhuttefees is ons geestelike verjongingskuur.

